higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N120**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010474)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	KORT VRAE	50 punte
AFDELING B:	LANG VRAE	150 punte
GROOTTOTAAL		200 punte

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Crêpe	A	bestaan uit twee parallel rye sigsagsteke, en twee punte afgewerk met 'n balkhegsel
1.1.2	Binne-/Tussenvoering	B	balhelftes ('ball halves') is aan die een kant en sokhelftes aan die ander kant
1.1.3	Sjaalkraag	C	minstens 5 cm wyd en word gevorm om by die liggaam se kurwes te pas
1.1.4	Kimono	D	moet groot genoeg gesny word om die arm gemaklik te omsluit
1.1.5	Opnaaisels	E	word gewoonlik gemaak van voeringmateriaal en word aan die binnekant van die kledingstuk gehou
1.1.6	Roksoom	F	geweefde materiaal met 'n dowwe, gekreukelde oppervlakte as gevolg van die gebruik van inmekaargedraaide garing ('yarn')
1.1.7	Mousgat	G	word gebruik by die middelvoor- of middelagterkant van kledingstuk
1.1.8	Kontoerlyfband ('Contour waistband')	H	word oor die algemeen aan die verkeerde kant van onderkraag of -mouboordjie aangebring
1.1.9	Binnesakke	I	verskil van getande ('notched') kraag aangesien die boonste kraag en lapelle van 'n enkele patroonstuk gesny word
1.1.10	Gesentreer	J	word gesny as 'n verlengstuk van die hooflyfie ('main bodice') en kan óf los- óf styfpassend wees
		K	'n gestikte materiaalvou wat meestal versierend is, maar kan ook gebruik word om vorm te gee
		L	word aan die binnekant van die kledingstuk gevou, word dan met die hand vasgewerk en verskil na gelang van die kledingstuk se vorm
		M	lyk of dit met die hand afgewerk is, maar is duursamer

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Voulyne word in een rigting geplaas met een voulyn en een plasingslyn ('placement line')

1.2.2 Enige tegniek wat gebruik word om 'n soom netjieser te laat lyk en om te voorkom dat dit uitrafel

1.2.3 Stroke skuinsband wat gebruik vir versiering en afwerking op byna enigiets, soos dames- en kinderdrag

1.2.4 Nadat dit aan die kledingstukkant aangeheg is, word dit na die binnekant van die kledingstuk gevou

1.2.5 'n Mou wat aan die kledingstuk geheg word met 'n styllyn ('style line') wat diagonaal van die neklyn voor na die onderarm, en op na die neklyn agter loop

1.2.6 'n Oop spasie in 'n soom of styllyn ('style line') van die kledingstuk wat meestal in rompe en rokke gebruik word om die been te wys

1.2.7 'n Patroonstuk wat oor die skouers pas en hoofsaaklik vir versiering gebruik word en om rygplooitjies in posisie te hou

1.2.8 'n Fyn randafwerking wat onsigbaar is aan die regte kant en gebruik word op deurskynende materiaal en op sirkelrompe of aandklere

1.2.9 'n Skouerspons wat in 'n spesifieke vorm gevorm word na gelang van die styl van die kledingstuk

1.2.10 'n Stuk materiaal wat in die moukop tussen die boonste mousgatsoom en die moukop gebruik word

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Ramie kan kan gedroogskoonmaak of gewas word, na gelang van die versorgingsinstruksies.

1.3.2 Wolvesel word gemaak van die vag van mak skape en is warm en is elasties/veerkragtig ('resilient').

1.3.3 Akrielvesel is baie donserig en absorberend, hou liggaamshitte en is kreukelweerstandig.

1.3.4 Sjantoeng is 'n keperbinding ('twill weave'), gladde materiaal wat van wol of wolmengsels gemaak word.

Kopiereg voorbehou

1.3.5 Tartan is 'n kantoemateriaal met luspole aan een of beide kante.

1.3.6 Linne word gemaak van die vlasplant en is baie sterk en absorberend, kreukel tensy dit behandel word, en is baie gemaklik in warm weer.

1.3.7 Netsy/Tulle is 'n sterk geweefde of gebreide basismateriaal wat bedek is met polivinielchloried.

1.3.8 Poliëster is sterk, nie baie absorberend nie, hou sy vorm goed en kreukel 'n bietjie.

1.3.9 Tweed is 'n geweefde materiaal met 'n harige oppervlakte gekenmerk deur gekleurde bultgaring.

1.3.10 Thaisy is 'n luukse wildesymateriaal, met effense verdikkings en beskikbaar in reëboogkleure.

(10 × 1) (10)

1.4 Noem die volgende konstruksieprosesse of dele van die kledingstuk wat aangedui word in FIGUUR 1 op die sketse hier onder. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



FIGUUR 1

(10 × 1) (10)

1.5 Bestudeer die volgende kledingstukke in FIGUUR 2 en beantwoord die vrae (1.5.1–1.5.9) in die ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 2A **FIGUUR 2B**

1.5.1 Watter tipe lyfband is gebruik om die middellyn in FIGUUR 2A hier bo af te werk? (1)

1.5.2 Speelruimte word gewoonlik by lyfbande gevoeg om maklike toegang tot die opening te verseker.

Noem die TWEE belangrike afwerkings wat nodig is op die lyfband om voorsiening te maak vir 'n kledingstuk wat gemaklik pas. (2)

1.5.3 Noem die sak wat in FIGUUR 2A hier bo getoon word. (1)

1.5.4 Hoe is die rand van hierdie sak afgewerk? (1)

1.5.5 Noem enige metode om die wydte van die onderste gedeelte van die romp te vermeerder. (1)

1.5.6 Die soomlyn van die kledingstuk is afgewerk deur 'n blinde steek as afwerking te gebruik. Hoe wyd moet die soomspeling/-toelating in sentimeter wees? (1)

1.5.7 Noem die tipe afwerking wat op die lyfband van die romp in FIGUUR 2B gebruik is. (1)

1.5.8 Hoeveel some sal jy vir die romp in FIGUUR 2B aanbeveel? (1)

1.5.9 Watter metode sal jy gebruik om die soomlyn van die romp in FIGUUR 2B af te werk? (1)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets van die damesromp in FIGUUR 3A en beantwoord die vrae.



FIGUUR 3A

2.1.1 Die neklyn en die voorste opening van die rok hier bo kan afgewerk word deur 'n verlengde belegsel te gebruik. Bestudeer die konstruksieproses in FIGUUR 3B hier onder en verduidelik uitvoerig hoe die verlengde belegsel aan die nek en voorste gedeeltes van die kledingstuk aangebring moet word.



FIGUUR 3B (12)

2.1.2 By damesrokke, -baadjies en -bloesies word volheid uitsluitend verminder om die kledingstuk te definieer en te vorm om die liggaam akkuraat te pas. Bestudeer die sketse in FIGUUR 3C hier onder en verduidelik in besonderhede hoe die Franse pylnaat gekonstrueer kan word in die ontwerp van die rok hier bo.



FIGUUR 3C (10)

2.1.3 Die soomlyn van die rok in FIGUUR 3A vernou van onder na die heuplyn. Dit sal die beweeglikheid beperk van die persoon wat die rok dra en 'n spleetopening is die voor die hand liggende keuse om aan die onderrand aan te bring.

Hoe sal jy die spleetopening beskryf? (5)

2.1.4 Rygplooie kan ook in kledingstukke gebruik word om volheid te verminder.

Watter gehaltestandaarde is belangrik wanneer mens rygplooie aanbring? kledingstukke (8)

2.2 Bestudeer die skets van die damesromp in FIGUUR 4 hier onder en beantwoord die vrae.



FIGUUR 4

Kopiereg voorbehou

2.2.1 Die reguit lyfband word algemeen vir damesrompe en –broeke gebruik en voeg gehalte-afwerking by die lyfband van rompe en broeke.

Bestudeer die sketse in FIGUUR 5 hier onder en verduidelik hoe die reguit lyfband aangebring word aan 'n romp se middellyn.



FIGUUR 5 (10)

2.2.2 Noem enige TWEE plekke op die romp waar die ritsopening aangebring kan word. (2)

2.2.3 Watter TWEE tipe sakke sal geskik wees om by die ontwerp van die romp aan te bring? (2)

2.2.4 Watter ander tipe vermindering van volheid kan by die ontwerp van die rom in FIGUUR 4 hier bo ingesluit word? (1)

[50]

VRAAG 3

Bestudeer die skets van die langbroek in FIGUUR 6 hier onder en beantwoord die vrae.



FIGUUR 6

3.1 Noem die tipe lyfband wat gebruik is in die ontwerp van die langbroek in FIGUUR 6 hier bo. (1)

3.2 Oorweeg jou antwoord in VRAAG 3.1 en noem DRIE ander lyfbandafwerkings wat jy kan gebruik vir die lyfband van die langbroekontwerp in FIGUUR 6 hier bo. (3)

3.3 Wanneer mens openinge aan kledingstukke aanbring, in watter rigting moet die oorslag ('overlap') op die volgende wees?

3.3.1 Manslangbroeke

3.3.2 Dameslangbroeke

(2 × 1) (2)

3.4 Die gehalte van openinge en die tipe openinge wat gebruik word in kledingstukontwerpe sal bepaal wat die uiteindelike standaard van die voltooide kledingstuk is. Bestudeer die sketse in FIGUUR 7 en noem elkeen van die verskillende metodes vir die aanbring van ritse aan kledingstukke.



FIGUUR 7 (5)

3.5 Ritse is nie altyd beskikbaar in die spesifieke groottes wat benodig word nie. Verduidelik hoe jy 'n rits sal aanpas by die grootte wat nodig is vir 'n spesifieke kledingstuk. Bestudeer die skets hier onder voor jy die vraag beantwoord.



(3)

3.6 Standaarde en gehalte is belangrik wanneer mens tooisels/versiersels ('trimmings') aanbring aan kledingstukke.

Verduidelik enige drie gehaltestandaarde wat belangrik is wanneer mens ritse in openinge gebruik. (3 × 2) (6)

3.7 Detail op kledingstukke kan die gebruik van sakke insluit, en sakke kan aan bykans enige deel van 'n kledingstuk aangebring word. Raadpleeg die skets in FIGUUR 6 hier bo en beantwoord die volgende vrae oor sakke.

3.7.1 Noem die sak wat aangetoon word agterop die langbroek in FIGUUR 6. (1)

3.7.2 Noem die tegnieke wat op die hoeke van opgestikte sakke gebruik kan word om seker te maak dat die hoeke versterk word. (6)

3.7.3 Waar kan sakke in die nate van 'n langbroek aangebring word? (2)

3.7.4 Watter DRIE metodes kan gebruik word om 'n sak in 'n naat aan 'n kledingstuk aan te bring? (3)

3.7.5 Beskryf die verlengstuksak in 'n soom ('extension *in-seam pocket').* (4)

3.7.6 Verduidelik hoe 'n aangewerkte sak met geronde hoeke met die hand en met 'n masjien aan 'n kledingstuk aangebring moet word.

Bestudeer FIGUUR 8 hier onder wanneer jy hierdie vraag beantwoord.



FIGUUR 8 (12)

3.7.7 Noem TWEE tipe soomrandafwerkings. (2)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem die volgende konstruksieprosesse of dele van die kledingstukke wat aangedui word in FIGUUR 9 hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



FIGUUR 9

(10 × 1) (10)

4.2 Hoe sal jy die detailafwerking in 4.1.1 in die skets van die baadjie hier bo beskryf? (4)

4.3 Wat is die doel van die detailafwerking in 4.1.1? (4)

4.4



FIGUUR 10

'n Afsonderlike klap ('flap') is 'n gewilde detail wat op kledingstukke gebruik word om die algehele ontwerp en koste van die kledingstuk te verhoog. Bestudeer die sketse hierbo in FIGUUR 10 en verduidelik die konstruksie van die afsonderlike klap ('flap'). (10)

4.5



FIGUUR 11

Skouerkussings kan seisoenaal wees. Die verhewe ('raised') skouerdetail op kledingstukke word tans vir die jong en modieuse kliënt ontwerp. Bestudeer die voorbeelde van skouerkussings in FIGUUR 11 hierbo en beantwoord die vrae wat volg:

4.5.1 Watter faktore bepaal die gebruik van skouerstukke op kledingstukke? (3)

4.5.2 Verduidelik enige DRIE funksies van skouerstukke. (3 × 2) (6)

4.5.3 Gee 'n gedetailleerde verduideliking van hoe mens skouerstukke moet invoeg in 'n kledingstuk voor mens hulle stik. (3 × 2) (6)

4.5.4 Noem enige TWEE tipe skouerstukke wat beskikbaar is om in kledingstukke te gebruik. (2)

4.5.5 Beskryf hoe jy skouerstukke aan 'n kledingstuk se skouernaats sal stik. (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou